Verwysing: 20170605-1653
3/3/2/4/4/1
Navrae: NP Funani

Strategiese Mensbestuursminuut: 0004/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, en Prinsipale

Onderwerp: Erkenningsooreenkoms ten opsigte van verbeterde kwalifikasies vir werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet aangestel is

1. Die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) Omsendbrief H153/2012, gedateer 09 November 2012, en Omsendbrief H98/2014, gedateer 30 Mei 2014, asook die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens Resolusie 1 van 2012 en die Sektorale Bedingingsraad vir Openbare Gesondheid en Welsyn Resolusie 1 van 2014 verwys.

2. Volgens die gesamentlike ooreenkomste, sal die werkgewer erkenning gee aan die bereiking van 'n verbeterde kwalifikasie wat verband hou met die werknemer se werksomvang en wat die werknemer se prestasie en dienslewering verhoog.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), het 'n instemmingsbrief van die DSA ontvang ten opsigte van voorgestelde verbeterde kwalifikasies per pos, soos op die goedgekeurde organogram aangedui. Enige aansoek om goedkeuring van 'n verbeterde kwalifikasie te kry, sal teenoor die goedgekeurde lys van verbeterde kwalifikasies (soos deur die DSA onderskryf), geverifieer word.

4. Sodra die genoemde kwalifikasie bereik is, sal die werknemer 'n **eenmalige** kontantbonus van tien persent (**10%**) van sy/haar jaarlikse salariskerf ontvang, mits dit nie die minimum kerf van salarisvlak 8 op sleutelskaaltabel 264 oorskry nie. Slegs kwalifikasies wat vanaf 01 Januarie 2013 verkry is, sal vir erkenningsdoeleindes oorweeg word om die eenmalige kontantbonus te ontvang.

5. Die kontantbonus is beperk tot die bereiking van een addisionele kwalifikasie. Werknemers wat deur die staat befonds word om 'n verbeterde kwalifikasie te bereik, sal nie vir die eenmalige kontantbonus in aanmerking kom nie.

6. Kwalifikasies moet die volgende vereiste krediete hê om erken te word:

6.1 Nasionale Sertifikaat (120 krediete)
6.2 Nasionale Diploma (240 – 360 krediete)
6.3 Graad (360 – 480 krediete), insluitende nagraadse en BTech-grade.
6.4 Die gelyste kwalifikasies moet 'n minimum van 120 krediete wees, en moet vir 'n minimum van 12 maande duur

7. Internasionale kwalifikasies wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (SAKO) erken word, sal ook aanvaarbaar wees ingevolge die voorgenoemde resolusies. Slegs kwalifikasies wat deur 'n erkende instelling verkry is, sal in aanmerking kom om die bonus te ontvang, mits die instelling by die Departement van Hoër Onderwys geregistreer is.

8. Die volgende proses is van toepassing:

8.1 'n Werknemer wat van voorneme is om vir 'n verbeterde kwalifikasie te registreer waarvoor hy/sy ná voltooiing vir die kontantbonus oorweeg wil word, moet eers goedkeuring van die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur versoek om vir sodanige 'n kwalifikasie te registreer.

8.2 Die Direktoraat: Strategiese Mensbestuur sal die werknemer se versoek om goedkeuring oorweeg en binne een maand skriftelike terugvoer gee of die aansoek goedgekeur is al dan nie. Skriftelike redes waarom die versoek nie goedgekeur is nie, sal ook aan die aansoeker verskaf word.

8.3 Ná afloop van sy/haar studie, moet 'n werknemer die volgende bewys indien:
- Goedkeuring van die WKOD
- Verbeterde kwalifikasie

9. Enige navrae in hierdie verband kan aan me Patience Funani by tel. nr. 021 467 2243, of by e-pos Patience.Funani@westerncape.gov.za, gerig word.

10. Dit sal waardeer word indien die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel gebring kan word.

GETEKEN: L ELY
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-07-21